# Ware hengelgees in marlyn-toernooi




Die ware “gees” van hengel is op Struisbaai se marlynfees onthul met 'n ferm boodskap dat vis só gevang moet word dat dit anderdag weer gevang kan word.

Só ernstig is die organiseerders dat hulle onwillig was dat 'n foto van een van die marlyne, wat tydens die fees per ongeluk dood is, uitgereik word. Dit is 'n wonderlike boodskap dat die gees van bewaring, wat al 30 jaar by klubhengel aan die groei is, nou blom.

Dié blom is 'n mondvol. Die bewaringsgees gee eindelik aan die hengelsport 'n eerbare beeld, gehul in 'n beloning vir dié sportsoort wat 'n groter bydrae as enige ander sportsoort tot die land se ekonomie lewer. Jan en alleman sien dié ekonomiese aspek soms net as van toepassing op visse wat toerisme kan lok en belangrik onder die rykes is.

Marlynhengel is egter net 'n deel van die bewaringsprentjie. Alle afdelings van hengel, waaronder spesialiste wat piepklein vissies hengel, dra volgens die statistieke ook heelwat by en het meer deelnemers as die duurder soorte hengelkategorieë.

Die mooi van die ontluikende bewaringsgees kan seker nie beter beskryf word as die voorval van 'n hengelaar by die Struisbaaiplaat wat 'n halfuur lank gesukkel het om 'n kabeljou te “lawe” nie. Die vis het op sy sy gedraai nadat hy vir punte gemeet en vrygelaat is. Twee manne het kom help om hom tussen hulle met ses hande in die vlak water regop te hou. Die vis kon later sy stert beweeg en self wegswem.



**Jaco Goodwin van Durbanville in aksie op die boot Aequus in Struisbaai se marlyn-toernooi, terwyl Stefano Schoonees toekyk. Sien 'n video van sy vangs op www.dieburger.com. FOTO: EBEN HUMAN**

By die Mini Liga-fees vir kinders en gesinne verlede maand by Dwarskersbos het die 8-jarige Quinn Visser 'n arendrogvis twee keer gevang en sy eerste prys vir die grootste vis verdubbel, want daar was “twee wenners” om bewaring te beklemtoon. Dit kon die seun net doen deur nie 'n hoek met 'n weerhaak te gebruik wat die vis dalk kon beseer nie, vertel Jonathan Manion, die organiseerder.

Die grootste oorwinning vir bewaring rondom die grootste sportsoort in die land sien ons egter by haaie, waar hebsug by die agterdeur insluip om soos renosterstropers te vat en vermoor en dooie karkasse agter te laat.

Die stroop van haaivinne is nie net in Valsbaai gewild nie. In die omgewing van Mosselbaai werk “agente” wat haaivinne stroop en die dooie visse net daar tussen die rotse laat. Die vinne word versamel en na kopers gestuur wat dit bewerk, vries en uitvoer.

Op 'n hoër vlak van haaistropery is skuitvissers wat haaie in nette vang onder beskerming van 'n regulasie dat 'n toelaatbare persentasie “onwettige” vis buite hul lisensiekwota gevang kan word.

Die era van doodmaak vir die pret en aansien het nou die skrif aan die muur, geskryf deur mense wat omgee. Dan word die werklikheid van oorbenutting van die visbronne nie eens genoem nie. Dit gaan oor die gees van hengel en dat daar in dié sportsoort nie plek is vir mense wat net wil doodmaak nie. Is dit dan vreemd dat daar nou selfs teenkanting is teen die onmenslike aanhou van goudvissies in 'n klein glasbakkie net omdat hulle oulik is, of dat Struisbaai se marlynmense sê trofeehengel is nie *sports* nie?

■ **Katonkel hoor graag van jou. Stuur menings, inligting en foto's na katonkel@dieburger.com.**

# Witsand-skimme kry nou name



**Witsand het baie hengelstories. Jan Langenhoven het lank en diep hieroor navorsing gedoen en nou 'n boek, *Gooi Los!*, geskryf. WIUM VAN ZYL vertel meer hieroor.**


Besoek 'n mens Witsand, gewaar jy gou dat hier iets besonders, selfs eienaardigs leef: 'n Vrou op 'n verbleikte foto by 'n onmoontlike bielie van 'n vis, 'n skimagtige vent wat in kleredrag onbekend aan alle modehuise op aarde kaalvoet 'n straat oorsteek, 'n boot met 'n naam wat in geen woordeboek voorkom nie en soos 'n dreigende ystervark onder sy lading visstokke op 'n treiler van verdagte padwaardigheid water toe gesleep word.

Daar is gerugte van kabeljoue wat by Rooiwalle of op die Kanaal gevang is terwyl slegs een ding seker is: dat die lêplek wat genoem word, beslis nie die regte een sal wees nie . . .

Waag jy om te vertoef, is jy kort voor lank self aan die hoek, keer jy altyd weer terug na waar die Breërivier rustig sy bruin stroom die see instuur om dan weer groen soutwater terug te ontvang, 'n spel van duisend jaar.

Oor hierdie plek en sy mense is dr. Jan Langenhoven nou al baie lank besig om met groot toewyding navorsing te doen.

Skimme het vir hom name gekry. Hy het daarin geslaag om dinge waaroor die Witsandganger altyd gewonder het, in konteks te plaas.



**Margaret Widd staan by haar kabeljou. Sy was 'n predikantsvrou van Swellendam wat haar in die jare vyftig as hengelaar laat geld het.**

Dit is vir ons 'n groot gebeurtenis dat die eerste deel van sy werk, dié oor die vissers- en hengelaktiwiteite, nou die lig gesien.

Dit bowendien met meer as 800 foto's!

Hy gaan aanvanklik terug na die oudste getuienis oor visvangery in die rivier en langs die see: die antieke visvywers en lady Anne Barnard se beskrywing van die visbraai wat vir hul geselskap hier aangebied is tydens die eerste Britse besetting van die Kaap.

Daarna kom die era van die roeibootvissers aan die beurt. Ons maak kennis met legendariese figure soos oom Koen Muller.

Dit sluit die harderbedryf in en die wettige en onwettige aktiwiteite wat daarmee saamgegaan het. Ook die kwessie van oesters en pêrels kom hier ter sprake.

Oom Oubaas Rall het altyd gesê as jy graag wil bankrot raak, moet jy net 'n vissery in die Witsand begin.

Dit was natuurlik nie met almal so nie.

Daar was wel 'n tyd dat groot dekskuite en treilers die Breërivier as basis gebruik en dat kommersiële visvangs hier gedy het.

Bote soos die Infanta, die Dagbreek, die Volendam en die Nuwedam vaar steeds in die geheue van baie van ons. En staaltjies oor eienaars en vissers soos Sas van Deventer, Tom Pretorius en Booi Ruiters leef voort.

Die boek gaan in op sowel feitelikhede omtrent die bedryf as stories daaroor.

Dit sluit in die geheimsinnige Fanie Jacobz wat in die Tweede Wêreldoorlog hiervandaan Duitse U-bote bevoorraad het.

Die jongste fase in die bedryf is dié van die chukkie- en skibootvissermanne met mense soos Eugene Beukes vooraan en bote soos Lone Wolf, Black Label en Duiwenhok.

Allerlei bakens uit die verlede en die hede kom onder die loep: Skuitbaai, die verskillende *jetties*, die Baar, die Kanaal, die Kabeljoubank.

Die ontwikkeling van toestande op die Breërivier en die verskillende soorte bote en en metodes word beskryf.

Daarna volg heerlike “Kabeljoustories”. Dit sluit wonderlike vangste in wat min of meer met die waarheid te make het, maar ook met kabeljoue in die Soutpan of in die seekoegat.

Of oom Pily wat “merk vat” waar sy valstande uitgeval het . . .

■ **Prof. Van Zyl is hoogleraar in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland.**





**BO: Kyk net al die kabeljou! Aan die Breëriviermond wemel dit dan ook van hengelstories. FOTO'S: *GOOI LOS!***

**LINKS: Piet van Zyl trots met sy vangs. Dit is die hengelwaters wat mense na hierdie geweste trek.**

## meer oor die inhoud

In 'n afdeling van Jan Langenhoven se nuwe boek, *Gooi Los! – Die Vissermanne van Witsand en Port Beaufort*, word die verskillende hengelvissoorte bespreek wat hul voorkoms en gewoontes betref, sowel as merkwaardige vangste.

Ook oor ander seediere, soos die jellievissies, dolfyne en tornyne, walvisse en natuurlik die groot skrikmaker, die haai, word spannende vertellings ingesluit.

Dit sluit sonderlinge dinge in wat die lyn gevat het – van 'n seeskilpad tot 'n seilplankryer.

Groentjies en veterane kan hier lees oor die verskeidenheid aas-soorte wat tot hul beskikking is. 'n Mens kan ook eerstehands verneem van die merke en visvangplekke wat dikwels met soveel geheimsinnigheid omgewe is. Hierna word 'n skat van bygelowe, leuens en verhale oor vreemde verskynsels opgeneem.

Ook ernstige kwessies soos die verwoesting van visbronne, weerstoestande en die verskillende organisasies wat oor die jare betrokke was en is, kry 'n plek.

*Gooi Los!* is 'n ryk bron vir diegene wat hul kennis wil aanvul én diegene wat net heerlike kontreistaaltjies wil lees. Dit is ook gegrond op 'n groot aantal onderhoude en bied die vele stemme en menings aan van wie sommige nie meer leef nie. Die boek vang die besonderse Afrikaans op wat hier gedy.

Dit bied kultuurgeskiedskrywing waarvan die waarde in die jare wat kom, steeds sal toeneem. Ek ys nou reeds by die besef dat dit oor 'n paar jaar uit druk sal raak. Hierdie boek is 'n kleinood om te koester.

■ **Die boek kos R380 plus posgeld en kan bestel word by jan@langenhoven.net. Besoek ook www.langenhoven.net.**